# LESING 4 - 5 Februarie 2022 - Aanhalings uit: Die Eindtyd kom - Intelligensie Evaluasie

**Vervolg Adv. Pretorius se Intelligensie Verslag Bls. 34**

***Miga 4:13*** *Staan op en dors, o* ***Dogter van Sion****! Want Ek sal Jou Horing Yster maak en Jou kloue koper, en Jy sal baie volke fyn trap; en Jy sal hulle onregverdige wins aan JaHWeH toewy en hulle rykdom aan die Elohey van die ganse Aarde.*

Die lede van hierdie **Apartgestelde leër** gaan waarskynlik oor kragte beskik waaraan ons tot dusvêr nog nie aan gedink het nie. Elohim sal ons deur die Gees van Apartheid kragte gee om soos bo-natuurlike instrumente te wees wat die vyand kan verbrysel. Hierdie kragte word nie werklik in die Skrif bespreek nie. **Hebr. 6:5** meld slegs van die kragte van die **toekomstige wêreld**.

***Jesaja 43:16*** *So sê JaHWeH wat in die see 'n Weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het,*

*17 wat waens en perde, leërmag en dapperes laat uittrek het; tesame lê hulle, hulle sal nie opstaan nie; hulle is uitgeblus, soos 'n lamppit uitgedoof. 18 Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. 19* ***Kyk, Ek gaan iets nuuts maak****; nou sal sy uitspruit; sal julle haar nie merk nie? Ja,* ***Ek maak 'n pad in die wildernis, riviere in die [woesteny van] Jesimon.***

**Ander Kragte:** Die JaHshua self sê dat die toekomstige geslag meer gaan vermag as wat Hy op die aarde vermag het. Die Skrif praat van berge verskuif.

Abba Vader het aan Bob Jones geopenbaar dat van die kragte aan groepe van 12 mense toegeken gaan word. Derhalwe gaan JaHWeH groepe mense dwing om mekaar te vertrou om met mekaar saam te werk. Jones is in 2014 oorlede. *(Chosen Explosion House Church, Bob Jones final prophecy to the body of Christ. 15 Februarie 2014.)* Hy het selfs hierdie kragte ervaar en daarvoor geskrik. Hulle sal **netsoos die twee getuies** oor die vermoëns beskik om vuur uit hulle mond te spoeg en om hulle vyande te verslind. Hulle sal ook die hemel kan sluit, sodat daar geen reën val nie. hulle sal ook mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde met allerhande plae te tref. (**Open. 11:5-6.)**

Verwysende na 'n voorbeeld van so 'n nuwe mens wat Daniël gesien het: ".... sy liggaam was soos chrisoliet ... die geluid van sy woorde soos die gedruis van 'n menigte." (**Dan 10:6**) Ons vermoed dat hierdie kragte **met klank** te doene sal hê. Daniël het gesien hoe mense as gevolg van die klanke deur 'n groot skrik oorval word, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg. Daar het geen krag in Daniël oorgebly nie, en sy gesonde kleur het aan hom verander en verdwyn. Dit was 'n illustrasie aan Daniël gegee dat die klanke hom kan doodmaak. (**Dan. 10:6-17**.)

Inherent tot edelgesteentes is klanke of vibrasies. Wanneer God Israel laat insamel dan word verskil-lende klanke saamgespan, byna soos die borsplaat van Ou Testamentiese Hoëpriester. Die kombinasie van daardie klanke sal vermoedelik die basis vorm van die wapentuig.

Ander voorbeelde wat ons kan verwag, is om:

1. 'n Pad deur die dieptes van die see te maak vir die deurtog van die verlostes. [Jes. 51:10.]
2. Water in bloed te verander – Moses.
3. Stof in muggies te verander – Moses
4. Plae veroorsaak soos die padda-, sprinkaan-, peste-, swere-, hael en weerligte plae van Moses uit te voer.
5. Genesing toe te pas – JaHshua.
6. Bose geeste uit te drywe – JaHshua.
7. Dooies lewendig te maak – JaHshua.
8. Die natuur te beheer soos water in wyn, eteriese substans in brood en wyn te verander – JaHshua.
9. Te profeteer.

*Revival Prayer - Veronika West (Profetiese Voorbidder van Ierland), AN URGENT WORD FOR THE NATION OF SOUTH AFRICA. Facebook. 31 Maart 2020.* Gisteraand (**30 Maart 2020**) het ek 'n baie kragtige droom gehad rakende die **Nasie van Suid -Afrika**, waar ek heel bo-op Tafelberg in Kaapstad, Suid -Afrika, gestaan het. Terwyl ek nou hoog bo die Stad Kaapstad in die droom gestaan het, het daar skielik 'n Magtige Strydende Engel van JaHWeH (Aartsengel) aan my verskyn. Terwyl ek na die Aartsengel gekyk het, het Hy met my gepraat en gesê, "Dogter van die mens, kyk en **Let op**."

Terwyl ek opgekyk het, het ek gesien hoe die Engel sy swaard oplig en skielik het ek 'n kwaai stryd in die hemele bo-oor die Nasie van Suid-Afrika gesien plaas-vind. Toe praat die Engel weer en sê, "Dogter van die mens, kyk en **Let op**", en weer het ek gekyk en ek het vier baie groot en baie kragtige Demoniese Engele Wesens/Owerhede oor die Nasie van Suid-Afrika gesien staan. Een het in die Ooste gestaan, een het in die Weste gestaan, een na die Suide en een na die Noorde. Terwyl ek nou gekyk het na hierdie kragtige geesteswesens het ek skielik tien Stede (wat Kaapstad ingesluit het) van die grond af gesien opstaan en ek het hierdie woorde gehoor, "**KYK! Want die demoniese magte en owerhede van die Draak Gees het die grond in hierdie "Gateway" Stede (ook "Cities of Light" genoem) beset, maar KYK!**

Nadat ek hierdie woorde gehoor het, het die Strydende Engel van JaHWeH my skielik die figuur gewys van 'n man wat oor die Nasie en oor die Stad Kaapstad staan. Toe ek na die man gekyk het in die droom kon ek nie sy gesig sien nie, maar net sy rug. Toe ek weer kyk, het ek gesien dat die man (wat Elohim tans besig is om as 'n Moses op te rig, 'n verlosser in hierdie uur in die Nasie wat God se mense uit die land van ballingskap en na die beloofde land te lei) 'n stok in sy hand gehou het. Toe ek vinnig 'n bietjie nader aan die man gaan staan het, het ek hom hierdie woorde oor die Nasie hoor spreek,

"Wie het nog ooit iets so vreemd soos hierdie gesien? Wie het al ooit van so iets gehoor? Is 'n nasie al ooit in 'n enkele dag gebore? Het 'n land ooit in 'n blote oomblik voortgekom?"

***Jesaja 66:8*** *Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar?*

Toe kyk ek hoe hy sy staf of stok (byna soos 'n towerstaf) oor die Stad oplig en swaai, asook oor die Nasie van Suid-Afrika en die magte en owerhede van duisternis wat in die hemele oor die land voortgewoed het, het dit (*die swaai van die Staf*) hul kragte wat hulle gehad het, verminder. Maar toe kyk ek hoe die man se hand wat die staf vasgehou het, vinnig swak word en begin bewe het. Toe sy arm egter skielik begin neerval het ek gesien dat die magte van die duisternis verskerp en weereens selfs groter krag en mag as voorheen bekom het. Terwyl ek aandagtig in die droom gekyk het, het ek begin uitroep na die man en vir hom gesê om sy hand op te lig en nie die stok te laat val nie, maar om dit hoog oor die Nasie te hou.

Maar toe skielik het die Strydende Engel van JaHWeH met my gepraat en gesê, "Dogter van die mens, vrees nie, want hierdie stryd behoort aan die Meester , want sekerlik is dit nie deur mag of deur krag nie, maar deur Sy Gees", het ek die Engel hoor praat. Sy woorde was soos rooiwarm pyle wat my binneste diep binnegedring het. Ek het toe skielik opgekyk en gesien hoe 'n menigte mense om die man in die droom verskyn en sy swak en bewende hand vashou. Hulle het dit hoog in die lug opgelig, en dadelik het ek gesien hoedat die kragte van die groot magte van die duisternis weereens begin verminder en die man met die staf se doeltreffendheid verhoog is en in die stryd teen die vyand geseëvier het. (Die Droom het geëindig).

'n Aangrypende visioen vir Suid-Afrika van ***Veronika West*** ... "KYK, DIE TYD VIR DIE GEESTELIKE WATERS OOR HIERDIE NASIE HET AANGEBREEK, .... LUISTER! DIE GEBOORTETYD IS NOU IN HIERDIE LAND OP HANDE, ... MAAR HAAR GEBOORTEKREUN HET HAAR BINNE DIE GEES VAN DIE LEVIATAN INGETREK, ... WIE NOU **HAAR GEBOORTEREG** EN DIE **BESTEMMING** VAN HIERDIE NASIE WIL STEEL." Skielik hoor ek ***(Veronika West)*** hierdie woorde, ... Satan kan nie teen die GESKREWE WOORD VAN GOD staan nie ... Dit is tyd om 'die geskrewe woord van God' oor die land te verklaar... Besluit dat die golwe van dood en vernietiging van die gees van die Leviathan nie die land sal oorstroom nie, maar dat 'N VOLK WAT JAHWEH VREES, SAL SIEN DAT GOD DIE BANIER TEEN DIE DEMONIESE VLOED VAN DIE VYAND sal laat ophef ... ONS MOET VERKLAAR: "DIT IS VOLBRING … .DIE OORLOG BEHOORT AAN JAHWEH ... OORWINNING WORD VERSEKER" ... SUID-AFRIKA ... JaHWeH neem jou na jou beloofde erfenis op droë grond .... "Kan 'n volk in 'n dag gebore word"? ... vra die Gees van God…!

"SUID-AFRIKA VREES DIE NAAM VAN JAHWEH ... EN SY HEERLIKHEID VAN DIE OPKOMENDE SON,... WANNEER DIE VYAND SOOS 'N VLOED INKOM, ... SAL DIE GEES VAN DIE JAHWEH 'N BANIER TEEN HOM OPSTEL"... en soos wat hulle woorde hard weergalm in die geestelike realm, ... sien ek iets wat lyk soos 'n GROOT vaandel WAT OOR DIE LAND OOPGAAN, ... toe word die vaandel hoog oor die Nasie opgehef, ... en ek het die woorde gesien, ... "DAAR STAAN GESKRYWE" ... op die vaandel, ... en toe word die vaandel hoog bokant die volk opgelig, ... Ek sien magtige golwe wat deur die dood van die Leviathan (die vyand) geskep is, skielik uit die land TERUGGEDRUK word, ... EN WANNEER DIE MAGTIGE GOLWE TERUGKEER, .... HET DIE WATERS BEGIN OPDROOG, ... EN Droëland HET SKIELIK RONDOM MY VERSKYN. *(Gatewaynews, it's time to declare 'It is written, it is finished' — Veronika West.* ***15 Julie 2021****.)*

***Openb. 11:15*** *EN die sewende Boodskapper het geblaas, en daar was groot stemme in die Hemele wat sê: Die koninkryke van die wêreld het [die eiendom] van onse Majesteit geword en van die Gesalfde,* ***en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.***

Wanneer die Lig in Suid-Afrika seëvier, sal Kaapstad se verbintenis as "Gateway city of the "darkside" vernietig wees. In die eindtyd (na die "Ou Wêreld" gesterf het) sal Suid-Afrika God se "**Nuwe Juda**" wees.

Julle sal 'n "nuwe mens" wees – jonk in ouderdom, (**Ps. 110:3**) *wat julle siele versadig met die goeie, sodat julle jeug weer nuut word soos dié van 'n arend*. (**Ps. 103:5**.) Ons sal in voorkoms verjong soos in ons twintigjare was. (***Rebecca Springer. Intra Muros***.) God gaan **ekstra hemelse olie** in die nabye toekoms oor julle uitgiet sodat julle sal skitter "soos die glans van die uitspansel." (**Dan. 12:3**.)

***Jesaja 62:3*** *En Jy sal 'n Sierlike Kroon wees in die Hand van JaHWeH en 'n Koninklike Tulband in die Handpalms van Jou Elohey. 4 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en Jou Aarde sal nie meer genoem word Verwoesting nie. Maar Jy sal genoem word: Geftsí-Bah (****My behae is in Haar****), en Jou Aarde: Beula (****Getroude****); want JaHWeH het 'n behae in Jou, en sal Jou Aarde se Besitter (****Man****) wees. [2 Konings 21:1]*

***(Hofmeyr, J. 1996****. Suid-Afrika - Die berg Sion wat Hy lief het).*

Suid-Afrika (**is God se Nuwe Juda en**) is op die punt om sy profetiese bestemming te betree. Die geestelike herlewing in Suid-Afrika gaan die wederkoms van JaHshua inlei. God gaan 'n nuwe geslag van profetiese stemme te voorskyn bring. Hulle sal gewone mense wees, wat nie deur die godsdienstige instellings geskool is nie. Hulle is die gelowige oorblyfsel wat te vore kom. Hulle gaan die herlewing lei nie net plaaslik nie, maar ook in die wêreld. Hulle sal die basis vir God se leër vorm.